

WILLOWS



Die Willows kamp het plaasgevind vanaf 9 tot 12 Februarie 2017.

Sommige lede het alreeds vanaf Woensdag-aand die 8ste gekamp en was gelukkig om rustig kamp op slaan met 'n pragtige sonsondergang. Die nuwe "Brille en Pille" banier het trots aangekondig dat Oos Kaap se Senior Burgers kom afpak het vir 'n salige naweek. Braaivleis vure is vroegaand opgesteek en daar is rustig gebraai en gekuier...en so bietjie verlang na die Senior Burger Sameroeper en gade wat "Inni Bos" toe is vir die naweek!

Die lede wat moes gaan werk het, het bietjie moeiliker as gewoonlik opgestaan om die tog werk toe aan te pak. Frans het sommer gou-gou om die draai gery terwyl Deon die lang pad moes aandurf terwyl die ander kampeerders lekker ingelê het. Laat lê het nie veel gehelp nie want soos gewoonlik was daar gestort met koue water! Gelukkig is dit nie 'n winterkamp nie en die velkreukels het dit nie juis agtergekom nie. Die res van die lede het stuk-stuk deur die dag ge-arriveer en hulle plekkies staangemaak vir die naweek.

Die Donderdag middag het Liana en Tersia die leisels vasgevat om die Senior garde te trakteeer met koek en tee.. en vir die wat moed gehad het, 'n stukkie waatlemoen. 'n Sekere persoon, deesdae bekend as "Loop en Stamp Muffin" het met 'n gestampde en geskilde been aangeland wat die kamper toe in 'n moeilike dag laat ontwikkel het en later ook infeksie probleme opgetel wat haar in die hospitaal laat beland het! Maar kamp so kamp ons, seer been en al! Innige meegevoel is betoon aan Oom Wouter wat net moes suuties trap en met sagte hande verpleging moes doen gedurende die naweek. Sekere ander lede moes ook net spring om haar stut stoeltjie ooral beskikbaar te maak. Oom Wouter het Donderdag aand boekevat hanteer en ons saggies op die vingers getik met 'n mooi en toepaslike boodskap.

Vrydag is daar fluks ontbyt gemaak vir die "oues van dae" wat hulle gate uit geniet het. Ds Rudi het saam kom eet en toe het daar spontaan "diep" vrae ontstaan wat in 'n pragtige gesprek ontwikkel het en baie harte rustig laat raak het. Onduidelikhede wat talle gekwel het is met sy rustige manier hanteer en verduidelik. Met dankbare harte en vol magies het die "Oumens Klaas Vakie" sand kom strooi en ogies toe was meeste Seniors se voorland..... en toe hulle ontwaak is die jonger gaarde reeds daar vir hulle naweek en so kom nog 'n lekker Senior Burger saamtrek tot 'n einde.

Vrydagaand was inbetaling en Madelyn Victor het vir ons boekevat gehou. Na boekevat het die vure hoog gebrand.

Saterdagoggend het 'n hele paar in die water afgekoel. Elmar Steyn was saam met sy kleindogter in die water by die glybaan en Elsabé het lewensredder gespeel. So geniet ons SAWA lede hul kampe, elkeen op sy eie manier. Dit is heerlik om jonk te kan voel saam met ons kleinkinders, vra maar vir Johan Barnardo. Hy is een wat sy kleinkinders leer modderbad. Mooi Johan, Lindie kan mos die klere weer Maandag was. Daar was ook 'n soektog aan die gang gesit nadat Danie Zeelie besluit het om te gaan stap. Hy het dalk 'n bietjie te vêr afgedwaal, maar gelukkig het hulle hom gekry. Almal was baie verlig, veral sy vrou Maretha. Saterdagmiddag se waatlemoenfees was 'n teleurstelling. Met die oopsny moes ons uitvind dat al 20 waatlemoene sleg is. Saterdagoggend het Louis Botha die boekevat behartig. Ons kamp nie sonder 'n vuurtjie op 'n Saterdagoggend nie. Daar is oral gesellig rondom die vure gekuier.

Sondagoggend het Ds. Rudie die diens waargeneem. Daarna het Nelia eetgoedjies uitgedeel wat die mans aan die vrou in hulle lewe moes gee. Dit was mos die maand van liefde. Heelparty het na kerk opegepak, maar ander het eers die rustigheid geniet. Spesiale plaatjies is uitgedeel: Richard en Poppie Heyman het hulle 400ste streek saamtrek plaatjie ontvang. Die eerste in SAWA Oos-Kaap se geskiedenis wat iemand hierdie besondere mylpaal behaal. Baie geluk aan twee staatmakers vir wie SAWA duidelik baie beteken.

Groete tot volgende keer

Liana Labuschagne & Tjaart Snyman

WILLOWS PLAATJIES

Richard & Poppie Heyman 400 Algemeen

Johan & Sandra Fourie 300 Algemeen

Johan & Karen Rautenbach 200 Algemeen

Mario & Vicky Weitz 25 Algemeen

Casper & Philna Jerling 20 Streek

Paul & Juanita van Aardt 20 Streek